Kuns

KAAPSTAD
Dinsdae by Morrie met Chris van Niekerk en Pedro Kruger is van môre tot 25 April in die Kunstekaap-arena te sien.

JOHANNESBURG
In die Lyric-teater, Gold Reef City Casino, word hulde gebring aan sang-divas met die program *Sisters in Song*.

DURBANVILLE
Van Woensdag tot Saterdag is *Dowwe Dolla 007: Geskud, nie Gepluk nie* in Die Boer op die planke.

EN VERMAAK

'Afrikaaps' se kunstenaars laat dans taal soos pluimsaad in die wind

Ligte musiek
Afrikaaps
Met Jitsvinger en ander.
★★★★★

Die gladde Argitekbekke, almal kunstenaars in eie reg, praat oor hul moedertaal.

Die gesprek is evokatief en opruiend. Dit sluit beeldmateriaal, musiek en dans in. Dit begin om 'n vuur, met die Khoe-San se stories en rieldanse onder die maan. 'n Hoogtepunt is Jitsvinger wat vertel van 'n reënmaker. Jitsvinger oftewel Quintin Goliath is 'n rapreus. Hy is hipnoties, die ritme van sy woorde sal my oprui tot in die voorste linies. Sy lang hande skets elegante landskappe. Hy lyk soos 'n besoeker van die planeet van bidsprinkane. Hy is 'n ambassadeur van 'n beskawing ouer en meer gesofistikeerd as ons s'n.

Om Jitsvinger en Blaq Pearl (Janine van Rooy) te sien dans is 'n grootse oomblik. Ligvoets soos elwe trippel die lenige hemelbesem en petite sanger-digter met die kaalgeskeerde kop hand aan hand. Hulle is omgeef van 'n lig wat niks met verhoogbeligting te doen het nie. Hulle lyk soos avatars, soos welwillendheidsbesoekers uit die buitenste ruim. Hulle gooi die taal soos fakkeldansers, laat haar huppel, trance- en breakdance. Blaq Pearl se verhoogteenwoordigheid is eweneens betowerend. Sy liefkoos woorde of vuur hulle af soos pyle. Sy het 'n aangrypende stem.

Die kunstenaars doen hul ding voor 'n verligte, koepelvormige skerm. Daarop word soms filmmateriaal geprojekteer, soms koerantopskrifte en soms dans net hul skaduwees fratsagtig verleng op die wit skerm. Moenier Adams en Bliksemstraal poets die planke blink met aanskoulike hip hop en breakdance-maneuvers. Hulle gangsta walk, grind, krump, pop, neck-o-flex, strobe, turf, top rock, belly swim, boomerang en jackhammer, slaan jou asem weg met die boogaloo, skêr, helikopter, koffiemeul, lugstoel en eierklitser.

Adams sing soos 'n engel. Jazzpianis Kyle Shepherd streel ook die oor. Hip hop-aktivis Emile Jansen beweeg soos 'n ingewing. Shane Cooper skep atmosfeer met die basviool. Die produksie onder regie van Catherine Henegan is in jou gesig en laat jou nadink. Op die skerm reken 'n Kaapse Vlakteskoolkind dat hulle baie goed sou doen in Afrikaans as die taal van hul klasse en handboeke die taal was wat hulle by die huis praat.

Afrikaaps se tema is nie nuut nie: daar wás al produksies oor Afrikaans se Kreoolse slawewortels. Tog gebeur daar iets raar en wonderlik voor ons oë: talentvolle individue se sinergie kry vlerke en vat lug soos 'n pluimsaad. Die taal dans verruklik soos 'n papiersak in 'n windvlaag. Vergeet van sotlike politici – sluit aan by hierdie party.

DEBORAH STEINMAIR

In die Baxter tot 24 April.